# 425. SIEN ONS OOTMOEDIG VOOR U NADER

G                    C      G
1. Sien ons ootmoedig voor U nader,
              C       D      G
Yahweh, so eind'loos goed en groot.
                C     G
U was ons vadere se Vader,
           C      D     G
U was hul Redder in die nood.
                  D      G
Ons het dit uit hul skrif en mond:
                   C      D
hul vastheid was in U verbond.
G                   C     G
Ons glo: deur U bewaring wou
         C      D      G
U hulle hier as volk behou!

G                    C      G
2. Hoe nietig was hul klein vermoë;
             C         D     G
hoe groot die taak, en die gevaar!
                   C     G
Voor U, met harte diep geboë,
            C       D       G
het hul gewaag – U trou aanvaar.
                 D      G
Deur hul gelofte, tot vandag,
                   C      D
bring aan U eer hul nageslag:
G              C      G
U is 'n Redder in die nood,
            C         D      G
Yahweh, so eind'loos goed en groot!

G                   C    G
3. Deur hul geloof, getroue Vader,
          C     D     G
kon hulle die gelofte maak.
                      C    G
Laat ons voortdurend, U ter ere,
              C       D        G
ook biddend bou, en werkend waak:
                      D        G
Laat ons U goedheid nooit vergeet –
                 C    D
U het ons erfdeel afgemeet;
G                     C        G
gee raad aan die wat ons moet lei,
                C      D     G
dat ons steeds hier in vrede bly.

```
    G                    C       G
4.  Hoe laat die wonder op ons velde
                  C     D      G
    die wysheid van U handel blyk:
                          C        G
    dat, nie deur krag en nie deur helde,
                 C        D     G
    U steeds U doel met ons bereik.
                         D         G
    Ons neem dit in die toekoms mee:
                    C       D
    U wil U vrede aan ons gee.
    G                        C       G
    Beskerm ons, Yahweh, keer op keer,
               C    D      G
    ons sal U altyd loof en eer!
```